# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**
**GRAAD 10**

**12 JUNIE 2015**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KYK – EN LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

***HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 10 BLADSYE***

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1: Kyk- en Leesbegrip**
**TEKS A: Tydskrifartikel**

Lees die volgende tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

# Huldeblyk aan hul 12 jaar saam

Deur Rozanne Els Donderdag 02 Mei 2013 14:05



1. As ’n mens eers Freshlyground se “Doo Be Doo” neurie, kry jy dié liedjie moeilik uit jou kop. So is dit dan ook met die meeste van dié groep se liedjies. Rozanne Els het by van die lede uitgevind hoe hulle dit regkry om ná meer as ’n dekade saam steeds treffermusiek te maak.

2. Freshlyground wikkel en woel vanjaar. Die groep, ’n ware hutspot van sewe Suid-Afrikaanse, Mosambiekse en Zimbabwiese musikante, het onlangs teruggekeer van ’n besoek aan Amerika, waar hulle in die gesogte Apollo-teater opgetree het en vir hul liefdadigheidswerk vereer is.

3. Boonop is die groep se hoofsanger, die altyd glimlaggende Zolani Mahola, swanger en net nou die dag was hul nuwe album, *Take Me to the Dance*, boaan *iTunes* se wêreldmusiek - ranglys.

4. Die groep speel al sedert 2002 saam, maar Peter Cohen, die groep se tromspeler, kry steeds vlinders in sy maag voor elke optrede, vertel hy. Al is hulle deesdae een van Suid-Afrika se suksesvolste musiekgroepe, het hulle soms swaar gekry. Volgens Peter kan hulle sukses toegeskryf word aan ’n paar verskillende dinge naamlik om te geniet wat hul doen, om ‘n hegte eenheid as groep te vorm, eerlik te wees en hard te werk.

5. Hoewel die groep tans groot aftrek kry in die VSA, het hulle nie planne om oorsee te verhuis nie, sê Freshlyground se vioolspeler, Kyla-Rose Smith.
“Dis moeilik om aanhangers in ’n vreemde land op te bou. Al geniet ons baie sukses hier, moet ons elke keer van voor af begin in ’n nuwe land.”

6. Met die sukses van "Waka Waka (This Time for Africa), die temalied van die 2010-Wêreldbekersokkereindstryd wat hulle saam met Shakira gedoen het, het al hoe meer mense Freshlyground ontdek.

7. Boonop is musiek 'n universele taal, meen Smith en deur eerlik en opreg te wees, soos hulle in hul optredes is, gaan mense by die musiek aanklank vind, ongeag in watter land jy is.

1.1 Uit hoeveel lede bestaan die *Freshlyground* rockgroep? (1)

1.2 Voltooi die sin: Die opskrif van die artikel is daarop gemik om _______te bring aan *Freshlyground* wat al twaalf jaar saam is. (1)

1.3 Haal EEN woord uit paragraaf een aan wat bevestig dat die musiek **in die kol is** vir musiekliefhebbers. (1)

1.4 Volgens paragraaf twee weet ons dat die groep baie besig is met hul bedrywighede. Skryf die sin neer wat die stelling bewys. (1)

1.5 Watter kenmerkende eienskap van Zolani Mahola is bekend aan aanhangers? (1)

1.6 Watter bekende liedjie sal altyd onthou word volgens paragraaf 1? (1)

1.7 Waarvoor is die groep in die buiteland vereer? (1)

1.8 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde in paragraaf 4 is vir ons 'n aanduiding dat dit nie altyd maklik vir die groep was nie. (2)

1.9 Die groep het nog nie Amerika besoek nie.
Motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Watter een van die volgende redes vir die groep se **sukses** pas nie.
Skryf slegs die VRAAGNOMMER en LETTER neer.

A. Om te geniet wat jy doen
B. Om 'n hegte eenheid te vorm
C. Om oneerlik te wees
D. Om hard te werk (1)

1.11 Wie het die onderhoud met die groep gevoer? (1)

1.12 Waarom het die groep nie planne om oorsee te verhuis nie? (1)


1.13 Dink jy die sokkertemalied het sukses behaal. Motiveer jou antwoord. (1)

1.14 *Peter Cohen, die groep se tromspeler, kry steeds* ***vlinders in sy maag*** *voor elke optrede, vertel hy.*
1.14.1 Word die vetgedrukte uitdrukking letterlik of figuurlik bedoel? (1)
1.14.2 Maak 'n sin met die uitdrukking sodat die betekenis duidelik blyk. (1)
1.14.3 Watter tipe instrument bespeel Peter Cohen? (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en ANTWOORD neer.
Musiek is 'n 1.15.1 (universele taal/ eerlik en opreg). Dit maak nie saak in watter 1.15.2 (provinsie/land) jy is nie, dit sal by 1.15.3 (alle mense/ sommige mense) aanklank vind. (3)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Lees die spotprente en beantwoord die vrae wat daarop volg:




1.16 Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer (1.16.1-1.16.5) en jou keuse voluit in jou ANTWOORDBOEK neer.
Die spotprent is 1.16.1 (humoristies/hartseer). Die koorlede het 1.16.2 (gewag/gesing) vir die 1.16.3 (eerste/laaste) noot 1.16.4 (voordat/nadat) hulle begin sing.
Die koormeester is 1.16.5 (vrolik/teleurgesteld) omdat hulle hopeloos is. (5)

1.17 Watter bewys is daar dat die koorlede wel sing in die spotprente? (1)

1.18 Wat bedoel die koormeester met…"en dan val julle in"? (1)

1.19 Wat is die rede waarom die koormeester nie tevrede is met die koorlede nie? Skryf slegs die VRAAGNOMMER en LETTER neer.

A: Hulle sing nie op die noot nie
B: Hy kan hulle nie hoor nie
C: Hulle sing glad nie
D: Hulle sing sonder begeleiding (1)

1.20 Kies die korrekte antwoord en skryf die vraagnommer (1.20.1-1.20.2) en jou keuse voluit in jou ANTWOORDBOEK neer.
Die rede waarom daar **twee spotprente** is met dieselfde prentjies, is omdat die eerste spotprent die tydperk 1.20.1 (gedurende /na) die eerste twintig minute voorstel en die tweede spotprent die tydperk 1.20.2 (voor/na) twintig minute voorstel. (2)


**AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit:

1. Soek sewe voordele wat musiek vir die mens se gesondheid inhou en som dit in SEWE sinne op.
2. Skryf die voordele PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.



**Sewe voordele van Musiek vir jou Gesondheid**



1. Vroeë musiekonderwys stimuleer 'n kind se brein, wat lei tot verbeterde prestasie.'n Studie onder 8 - tot 11-jariges het bewys dat diegene wat buitemuurse musiekklasse gehad het, 'n hoër verbale IK ontwikkel.
2. Studies het bewys dat musiek nie net die bevordering van die hartklop beïnvloed nie, maar hartpasiënte wat na musiek luister, herstel vinniger.
3. Ons almal ondervind slaapprobleme, veral na 'n moeilike ooraktiewe dag. Om na so 'n dag na musiek te luister, verbeter die gehalte van jou slaap.
4. Musiek raak jou emosionele toestand en laat jou gelukkig voel. Jou brein stel *dopamien* vry, wat 'n chemiese reaksie veroorsaak as jy na musiek luister wat jou wil laat beweeg.

5. Musiek verminder die vlakke van die streshormoon. As jy by die aanhoor van musiek die begeerte het om te dans, dan is jy op pad na beter gesondheid.
6. Die mens se verstand en psige word positief beïnvloed deur na musiek te luister. Navorsers meen musiek kan help om angs by kankerpasiënte te verlig.
7. Musikale opleiding kan help om die brein gesond te hou as mense ouer word. Dit bied ‘n soort kognitiewe oefening wat jou brein skerper en meer in staat maak om die uitdagings van veroudering beter te hanteer. *Bron: Verwerk uit Factual Enlightenment*

**AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSRUKTURE EN -KONVENSIES**
**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.




By Innibos is alles moontlik, selfs 18 kunstenaars op een verhoog! Die Standerdbank Hoofverhoog gaan wemel van talent op Satirdag, 5 Julie wanneer 18 van jou gunsteling sangers gaan optree by die Jacaranda FM Konsert, die laaste groot konsert van musiek vir Innibos 2014! Steve Hofmeyr, Juanita du Plessis, Bok van Blerk, Jay, Black Byrd, Dewald Wasserfall, Andriette Norman, Laurika Rauch en Jak de Priester is van die bekenste sterre wat gaan optree.

Kom jou kleinding saam Innibos toe, maar jy weet nie hoe jy hulle gaan besig hou nie? Moenie bekommerd wees nie, daar is ‘n aktiwiteit by die fees van wat jou kind sal hou! Sparletta se Apies Innibos sê: “Ons is hier op die feesterrein om jou lewe en jou kinders s’n, nog lekkerder te maak by Innibos.” Van die geliefde Tjiff en Tjaff tot indrukwekkende kulkunstenaars sal op die feesterrein te sien wees. Gaan soek hierdie vermaakkunstenaars saam met jou kinders en hulle verseker om jou kleingoed gelukkig te hou.

Bron: Taalgenoot 16 Maart 2014

3.1 Skryf die teenoorgestelde van die vetgedrukte woord. (1)
By Innibos is alles **moontlik**.

3.2. Skryf die vetgedrukte nommer as ‘n woord. (1)
Op die Hoofverhoog gaan **18** sangers optree.

3.3. Korrigeer die spelfout van die vetgedrukte woord (1)
Die Standerdbank Hoofverhoog gaan wemel van talent op **Satirdag**, 5 Julie.

3.4. Skryf die vergrotende trap van die vetgedrukte woord. (1)
Laurika Rauch en Jak de Priester is van die **bekendste** sterre wat gaan optree.

3.5 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord. (1)
Moenie **bekommerd** wees nie.

3.6. Skryf die meervoud van die vetgedrukte woord. (1)
Daar is **aktiwiteit** by die fees.

3.7. Skryf die korrekte vorm van die vetgedrukte woorde. (1)
Dit is 'n aktiwiteit **van wat** jou kind sal hou!

3.8. Vorm 'n nuwe woord deur die vetgedrukte woorde te kombineer. (1)
Ons is hier om jou kinders se **lewe** + **gehalte** te verbeter.

3.9. Verdeel die vetgedrukte woord in lettergrepe. (1)
Indrukwekkende **kulkunstenaars** sal op die feesterrein te sien wees.

3.10. Skryf die verkleiningsvorm van die vetgedrukte woord. (1)
Gaan soek hierdie vermaakkunstenaars saam met jou **kinders**.

3.11 Skryf die volgende sin oor in die **infinitief :**
Jou kleinding moet saamkom na Inniebos toe.
**Begin so: Jou kleinding behoort….** (1)

3.12 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM:
**Tjif en Tjaf sal op die feesterrein wees**. (1)
**[12]**

**VRAAG 4**

Die taalvrae wat volg is op die volgende STROKIE gebaseer:




BRON: CARTOONIST GROUP

4.1 Skryf die onderstaande sin in die VERLEDE TYD :
Hy wil musieklesse neem. (1)

4.2 Kies die korrekte **betreklike voornaamwoord** tussen hakies:
Die musiekinstrument (wat/ waarmee/ wie) hy gaan kies, moet die hardste geluid maak. (1)

4.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE:

Johnny sê: “Ja, dit sal goed wees”
Begin so: Johnny sê dat... (2)

4.4 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD:

Hy kies die musiekinstrument wat die hardste geluide maak. (1)

4.5 Gee die ANTONIEM van die vetgedukte woord:

Watter musiekinstrument interesseer jou die **meeste**? (1)

4.6 Skryf die sin oor in die ONKENNENDE VORM:

Dit sal goed wees. (1)

4.7 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

4.7.1 Die **(kies/ keuse)** van die regte musiekinstrument is ‘n groot besluit. (1)

4.7.2 **“Sodat jy een kan vind wat by jou persoonlikheid pas”**
Bostaande woorde uit die strokie word (hoopvol/ sarkasties) bedoel. (1)

4.8 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord:

Watter **musiekinstrument** interesseer jou die meeste? (1)

4.9 Skryf die onderstaande sin in die LYDENDE VORM:

Hy bespeel die musiekinstrument.
Begin so: Die musiekinstrument… (1)

4.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies:

Hy moet ‘n paar musiekinstrumente probeer. Hy kan die een kies wat die hardste geluide maak. (**sodat**) (1)

4.11 Skryf die <u>onderstaande sin oor</u> sodat die vetgedrukte woord in die OORTREFFENDE TRAP is en die sin dan korrek is.
Dit pas die **goed** by sy persoonlikheid. (1)

4.12 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin korrek te voltooi:

Ek (weet/ken) nie die verskil tussen goeie en swak musiek nie. (1)

**[14]**

**VRAAG 5**

Die taalvrae wat volg is op die volgende FOTO en KORT TEKS gebaseer:




*Bron: Taalgenoot Lente 2013*

**Caroline kraai koning**
Caroline Modiba (27) is aangewys as die algehele wenner van die nasionale Klassiekesangkompetisie, ATKV – *Muziqanto*! Die finale rondte het tydens die Klein-Karoo *Klassique*-fees in Oudtshoorn plaasgevind. Caroline, ‘n lid van die Kaapstad Opera studio, het R35 000 as prysgeld ontvang. Sy neem sangklasse by Hanna van Niekerk aan die Universiteit van Kaapstad se *College of Music*.

5.1 Kies die korrekte verklaring vir die onderstreepte woord in reël 1:
‘n “Algehele wenner” is ‘n wenner wat in (al die afdelings/ slegs een afdeling) gewen het. (1)

5.2 Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE:

5.2.1 Caroline vra verbaas: “Het ek regtig die kompetisie gewen?” (2)

5.2.2 Die beoordelaar vra: ”Hoekom wil jy deelneem?” (2)

5.3 Waarvoor staan die afkorting **ATKV** in die teks? (sien reël 2) (1)

5.4 Gee die afkorting vir **Universiteit Kaapstad**. (1)

5.5 Gee die MEERVOUD van die woord **lid**. (1)

5.6 Skryf die onderstaande sin oor in die TEENWOORDIGE TYD:

***Die finale rondte het tydens die Klein-Karoo Klassique-fees in Oudtshoorn plaasgevind***. (1)

5.7 Kies die korrekte betekenis vir die volgende idioom:
***Caroline kraai koning***

A: Om wenner op 'n gebied te wees
B: Om mooi te sing
C: kraai hard as koning
D: om 'n leier of koning te wees (1)

5.8 Skryf die vetgedrukte woorde oor as EEN woord.
5.8.1 Caroline het **geld as prys** ontvang. (1)
5.8.2 Caroline neem **klasse vir sang**. (1)

5.9 Kies die korrekte woord tussen hakies in die onderstaande sin om dit korrek te voltooi:
Op die foto word Caroline (vergeesel/ vergesel) deur Mimi Coertze. (1)

5.10 Gee die verkleinwoord vir **sanger**. (1)
**[14]**

**AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**